VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

05 MEI 2020
HERDERSBRIEF #16B

Geliefde gemeente,

'n Koorvers wat ons dikwels in die sestiger jare gesing het, vul my binneste op 'n dag soos vandag:

*"Daar is 'n verlange in my hart na Jesus;*
*Daar is 'n verlange in my hart om Hom te sien;*
*Vir die wêreld is ek moeg;*
*Vir die sware stryd en swoeg;*
*Daar is 'n verlange in my hart na Hom."*

Paulus in sy skrywe aan die ***Galasiërs*** in ***hoofstuk 4 vers 19*** *"my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry."*

*"My kinders"* – *"little children"* – vir wie ek geboortepyne verduur totdat Christus in julle gestalte verkry. The allegory **"little children"** is addressed to justified but immature believers ***(1 Kor. 3:1,2)*** waar Paulus meld: ***"En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders"***

Terselfdertyd, verlang ek om saam met julle teenwoordig te wees.

Met dit in ag geneem is dit die vertroue dat, die herdersbriewe bestudeer word: tekste nageslaan word; kruis-verwysings gedoen word. Die bedoeling van hierdie briewe, is verseker nie bedoel om op 'n teologiese, akademiese vlak met u om te gaan nie. Inteendeel, is daar net een begeerte en behoefte, en dit is om met elkeen van julle kontak te behou.

Paulus in sy skrywe, maak egter 'n aanmerking in ***Gal. 4:20***: *"I stand in doubt of you."* Wat beteken dit? Dit beteken maar net; in die hart van die herder daar 'n behoefte is: ten opsigte van weldadigheid; mededeelsaamheid; sodat die bediening vervul kan word in blydskap, nie al sugtende nie – ***Heb. 13: 16, 17.***

Verseker is almal nie op dieselfde vlak van geestelike groei nie, maar soos dit met 'n familie en kinders gaan, nie almal verkeer op dieselfde vlak nie. Dit is vir 'n ouer 'n riem onder die hart, wanneer 'n kleuter met sy onskuldige ogies opkyk, in die gelaat van die vader of moeder, en die woord ***"pappa"*** of ***"mamma"*** gehoor word.

God se stokperdjie is mense. EKD bestaan uit mense, daarom is ons onvolmaak en vertrou ek, dat ons vir mekaar voorbidding sal doen.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335